22 FEBRUARIE 2026

# TORINGKERK NUUS

EREDIENS | GESNOEI OM VRUGTE TE DRA | JOH. 15:1-2



DEEPEN THIS DAY MY ROOTS IN THE DARK EARTH.
MAY THEY SPREAD IN SILENCE,
HIDDEN FROM VIEW,
TAPPING THE NOURISHMENT FAR BELOW.

DRAW MY LEAVES TOWARDS THE SUN.
MAY THEY UNFOLD IN THEIR GREEN,
DANCING IN DAYLIGHT,
TAKING THEIR PART IN LIFE'S REGENERATION.

STEADY THE SLOWLY GROWING TRUNK.
MAY I BE STURDY AS THE OAK,
CONTENT TO BE WHERE I AM,
YEARNING TOWARDS THE SKIES OF MY DESTINY.

~ JIM COTTER

## REEKS: VERRAS DEUR DIE TUINIER

Hierdie reeks is 'n uitnodiging aan die gemeente om saam op reis te gaan vir die 6 weke om ons te help om Jesus raak te sien waar Hy reeds teenwoordig is. Dit sal ook bydra om ons te help om geloof te verstaan as iets wat oor tyd groei en daardeur wil ons ruimtes skep waar mense versorg word en self begin versorg. Deur die beeld van Jesus as Tuinier ontdek ons God wat stadig, liefdevol en doelgerig werk, wat mense in verskillende seisoene akkomodeer en geloof te laat groei deur kweek eerder as dwang. As Tuinier, roep Jesus ons op die naam, versorg en snoei Hy ons, en stap Hy saam met ons deur elke seisoen van die lewe. Kom reis saam!





# LYDENSTYD

Lydenstyd is 40 dae en 6 Sondae lank (die Sondae word nie by die 40 dae ingetel nie). Dit begin met Aswoensdag en strek tot en met Goeie Vrydag. Lydenstyd wys by uitstek dat God op 'n besonderse manier die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Christus in ons werklike nood ingedaal het. In Lydenstyd word daar gefokus op die lyding van Jesus (veral tydens sy 40 dae in die woestyn) asook op die swaarkry en lyding in die wêreld. Christene gebruik hierdie tyd om hulself voor te berei op Paasfees deur introspeksie en sondebelydenis te doen. Ou kerkgewoontes soos vas, stilte en gebed het Christene oor die eeue hiermee gehelp. Lydenstyd is ook 'n tyd van hertoewyding. Daarom staan dissipelskap sentraal. Lydenstyd is daarom ook 'n geleentheid vir toerusting vir dissipelskap en groei. *(-Dinkjeug)*

# GELUK NIKITA, EDDIE EN LUCA

Baie geluk aan Nikita en Eddie wat hulle seuntjie, Luca, doop hierdie Sondag. Nikita was ook self in die gemeente gedoop en het ook hier belydenis afgelê. Ook haar ma, Anita, was in Toringkerk gedoop. Ons is saam met julle dankbaar vir 'n God van generasies.

Wanneer ons doop dan herinner dit ons ook elkeen aan ons eie doop en dat die Here se genade vir ons genoeg is, dat ons ook deur Hom gekies is nog lank voordat ons vir Hom kon kies.




# GEMEENTERAAD

Ons wil graag die Gemeenteraad verryk met meer vaardighede en daarom wil ons vir jou vra om daaroor te dink en te bid en dalk met iemand te gesels of jy nie dalk geroep voel om vir 'n termyn op die Gemeenteraad te dien nie.

Jy is welkom om met een van die predikante ook hieroor te gesels om saam te onderskei. Ons vra dat jy jouself oopmaak om te hoor of dit nie dalk 'n plek is waar jy geroep word om te bedien nie.

***Kontak die kerkkantoor indien jy 'n nominasie vorm benodig.***





# KINDERKLEINGROEPE KUIER BY RUSOORD

Hierdie Sondag gaan die Kinderkleingroepe weer vir Rusoord besoek. Ons gaan direk na kerk om te kuier met die inwoners van Rusoord. Enige ouers is welkom om saam te kom. Dis vir ons belangrik om lidmate oor verskillende generasies bymekaar te bring as gemeenskap van gelowiges en daarom is hierdie kuiers ook vir ons so kosbaar en belangrik.

***Kontak vir Stefan vir meer inligting.***

# MARKIETIE BEPLANNINGS-VERGADERING

Op die TK kalender is dit geskeduleer vir Maandag 2 Maart om 18:30 maar ons het nou daardie tyd Omgeegroep.

Dit SKUIF daarom na **WOENSDAG 4 Maart om 18:30 in die konsistorie.**

Kom gesels asb saam en help ons begin beplan aan 'n wonderlike 2026 Markietie!



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

TORINGKERK

# dagboek DIE DATUM



**06 MRT** — **BIDDAG VIR VROUE**
TORINGKERK| 12:00-14:00




**28-30 MRT** — **#IMAGINE KAMP**
BREDASDORP | TIENERS



**29 MRT** — **PALMSONDAG**
TORINGKERK | 09:00



**2 MRT** — **WITDONDERDAG**
TORINGKERK | 18:30



**3 APR** — **GOEIE VRYDAG**
STROOIDAK | 09:00



**5 MRT** — **PAASFEES**
TORINGKERK | 09:30

# WYNVEILING SKENKINGS

Op 8 Mei is dit weer ons wynveiling en ons is baie opgewonde om weer hierdie geleentheid te vier. Ons vra vir lidmate om asb na hulle versameling wyne en ander drank te gaan kyk en dit te oorweeg om 'n skenking of twee te maak vir hierdie jaar se geleentheid. as dit nie in die vorm van 'n bottel kan wees nie sal 'n donasie ook welkom wees. Ons waardeer dit ongelooflik baie.

***Kontak vir Gert (0836299267) of een van die leraars indien jy 'n skenking kan maak.***





# HAM HUIS ARISTEA BEHOEFTES

Baie dankie aan elkeen wat help met 'n verjaarsdag vir die dogters van Huis Aristea! Ons waardeer dit.

Die huis kort 'n paar items en dalk is dit iets wat 'n wit olifant in jou huis is wat jy vir hulle kan skenk:
muurhorlosie, deurmatjie, haardroeër, straightener.

***Kontak Elizmari (0849987865) indien jy betrokke wil raak***

# RUSOORD BASAAR

Rusoord hou in Maart weer basaar en vra vir skenkings van 'n paar items indien moontlik asb: hot dog buns, hoender fillets, hoender vlerkies, kropslaai, rooi uie, aarbei roomys, vanilla roomys, klein boksies sappies, tamatiesous, sweet chilli sous, chip sauce, chutney, rys, lamsvleis stukkies, uie, aartappels, boerewors, self raising, flour, cordon bleu margerine, wit, suiker, bruin suiker, golden syrup, cherries, smarties, klapper, chocolate, chip/ of stukkies, cream of tartar, bicarbonate of, soda, eiers, ideal melk, kondensmelk, baie dose vla, jellie, kitspoeding, koekmeel

***Kontak asb die kerkkantoor vir meer inligting.***



# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

22 Feb Adri Engelbrecht
22 Feb Erika Immink
23 Feb Kok Alderson
23 Feb Antoinette Engelbrecht
23 Feb Luke Lawrence
23 Feb Nico Lesch
24 Feb Jolene Booyse
24 Feb Elsa Maritz
24 Feb Albertus Smit
24 Feb Piet Walters
25 Feb Yvette Alberts
25 Feb Francois Du Preez
25 Feb Elza Gouws
25 Feb Jason Hendricks
25 Feb Rico Koopman
25 Feb Jana Pienaar
26 Feb Jan-Hendrk Hanekom
26 Feb Mea Havenga
26 Feb Philip Lange
26 Feb Malan Willemse
27 Feb Wikus Delport
27 Feb Franco Havenga
27 Feb Zieg Verwey
28 Feb Morné Basson
28 Feb Thea Carstens
28 Feb Piet Muller
28 Feb Synthia Nieuwendyk
28 Feb Janetta Smit

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Besoek aan Rusoord

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag - van na die diens tot 11h00.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk hierdie Dinsdag , om 19:00 in die bo-saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 22 Feb**
Ps. 51

**MAANDAG, 23 Feb**
Dan. 3:41-43

**DINSDAG 24 Feb**
Jes. 51:11-16

**WOENSDAG, 25 Feb**
Hos. 10:12

**DONDERDAG, 26 Feb**
Matt. 19:27-29

**VRYDAG, 27 Feb**
Joh. 1:29-34

**SATERDAG, 28 Feb**
Jes. 61:1-3

**SONDAG, 1 Mrt**
Matt. 17:1-9

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE DEURKOLLEKTE : INSTITUUT VIR DOWES

Die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Dowes taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Die visie van NID is die holistiese ontwikkeling van die volle potensiaal van persone met gehoorverlies in Suid-Afrika deur noodsaaklike kwaliteit-dienste aan hulle te lewer. NID se sorg en steundienste sluit die volgende in: Bied volhoubare sorg en ontwikkelingsprogramme aan volwasse meervoudig-gestremde Dowes en Dowe persone met spesiale behoeftes in beskermde terapeutiese aktiwiteitsafdelings, residensiëel en binne die Dowe gemeenskap; asook versorging van Dowe bejaardes in 'n doof-vriendelike omgewing in die bejaardesorgafdeling, Shalom. Geïntegreerde Steundienste bied multi-dissiplinêre steundienste bv. tolkdienste, Gebaretaalopleiding, vervaardiging van hulpmiddels vir toeganklikheid tot die Dowe gemeenskap. Bid saam dat alle Dowes in Suid-Afrika ook die geleentheid sal kry om die boodskap van verlossing in hul eie taal, Gebaretaal, te ontvang.

# KALENDERBORG: FEBRUARIE

African Mutual Trust Company
AM TRUST
*Trusts*
*Testamente*
*Boedelbestuur van oorledenes*
*Boedelbeplanningsdienste*
021 860 1500
25 Van Der Lingen Street, Paarl
trust@amtc.co.za | wills@amtc.co.za

# KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

## LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

## TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

## JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

## KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

## FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

## TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

## AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

## ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

**RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:**
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.